

Preek Jan Steyn 6 Augustus 2017

Tema: Die krag van ons woorde en die krag van God se Woord

Teks: Spreuke 18:21, Matteus 21:18-22 en Jesaja 55:8 en 11

Inleiding:

Iemand wat skryf op die internet onder die vaandel van die Baptistekerk in Kemptonpark van sy vriend wat by mense gaan kuier het. 'n Vrou wat ook daar kuier, hoor toe dat hy hoes en vra hom wat fout is. Hy antwoord: "Ek is siek. Ek het verkoue en ek kan dit net nie afskud nie." "Nee, jy is nie siek nie", het sy ingespring. "Jy moet dit nie oor jouself uitspreek nie."

Ons glo ook soos hierdie vrou dat ons woorde die mag het om te skep, sodat die dinge wat jy sê, die dinge is wat gebeur. Jy moet dus nie sê: Ek weet nie of my pa gesond gaan word nie. Ek gaan nie weer finansiëel op my voete kom nie. Ek voel depressief. Jy moet ook nie oor die toestand van ons land praat nie, want ander spreek jy dood en jy maak dit erger.

Jy moet eerder sê: Ek is ryk. Ek is gesond. Ek is suksesvol. My pa gaan gesond word. Ons land is besig om vooruit te gaan. Jy moet hierdie positiewe belydenis of **positive confession** maak. Hierdie woorde positive confession is baie sterk in die word of faith movement waaroor ek nou gaan uitbrei. Hierdie word of faith is nie God se Woord nie, maar inderdaad mense se woorde en die krag in mense se woorde. Een van hulle slagspreuke is: "**What I confess, I possess.**" Die dinge wat jy dan verklaar, sal gebeur en sal die Here doen. Jou woorde het as't ware die mag om Hom te beheer. **Myles Monroe** sê by geleentheid hierdie ontsaglike godslasterlike ding: "**God can only do what we permit Him to do.**" Ek val dus nie meer in by God se Woord nie, hy moet inval by my woorde en wat ek uitspreek.

Essek W. Kenyon was waarskynlik die vader of ten minste een van die vaders van hierdie word of faith movement. Hy sê die volgende: "**God created by speaking faith-filled words and we can do the same.**"

John Osteen, ek meen dit was die pa van Joel Osteen, fokus ook op die krag van die menslike woord. In die Afrikaanse vertaling van sy boek Your words hold as miracle, Spreek lewe lees ons: "Jou woorde is belangrik. Jy kan hel op aarde of hemel op aarde skep met jou tong. Jy kan jou wêreld verander deur jou woorde te verander." Volgens Osteen skep mens jou eie wêreld rondom jou en laat gebeur wat jy spreek, of dit nou positief of negatief is. **Benny Hinn**, een van die huidige eksponente van die word of faith beweging beweer met een van sy tv-uitsendings: "**There is power in me to speak life and death.** I know that I know that as these programs are aired, I am speaking something into existence."

Ek het verstaan net God kan skep deur Sy woorde. Gaan lees Genesis 1. Hy skep deur woorde. Hy het gesê laat daar lig wees en daar was lig.

Die word of faith movement sien nie net krag in ons positiewe woorde nie, maar ook in ons negatiewe woorde. Joel Osteen praat oor Sagaria die vader van Johannes die Doper wat ons in Lukas 1 van lees en wat met stomheid geslaan word. Sagaria is half sinies en ongelowig dat die engel aan hom kom verkondig dat vir hom as ou man en vir sy vrou op gevorderde leeftyd hierdie kind gebore gaan word. Hoekom het God Sagaria se spraak tydelik weggeneem? Hier is Osteen se verklaring: "See, God knows the power of our words. He knows that we prophecy our future. And He knew that Zachariah's negative words would cancel out His plan." Menlike woord en die gesindheid wat daarmee saam gaan het dus die mag om God se planne te vergongeluk!

Wat is die agtergrond van hierdie vals lering dat ons woorde lewe en selfs dood kan skep soos God se woorde inderdaad doen? Ek speel hierdie video uittreksel van Creflo Dollar, een van die groot geeste in die word of faith movement:

Video clip: Creflo Dollar (uit dvd aanbieding): Genesis 1 vers 26 en 27

Dit is uit DVD aanbieding wat ek self het

Hoor jy dit? We are gods. Dit is bekend as die little gods lering. Little G's. Ons is eintlik nou op gelyke vlak met God. We are gods. En dis hoe die voorspoedteologie ook hier inspeel: Gods can't be sick and gods can't be poor. En sit ek self by: The words of gods have the same power to speak life and death as the Word or words of God. Dis net as jy en God op dieselfde vlak is dat jou woorde dieselfde krag en outoriteit as God se Woord of woorde kan hê en dat Hy net kan doen wat jy Hom toelaat.

Ons woorde het gevolge vir ons en vir ander:

Kom ek haal een van die gunstelingtekse van die word of faith movement aan: **Spreek 18:21: Die tong het mag oor dood en lewe; die wat lief is om te praat, sal die gevolg dra of die vrug daarvan eet. Een engelse vertaling lees: Death and life is in the power of our tongue.**

Ons woorde of ons tong kan baie skade aanrig. Mense skei oor woorde wat moes gebly het. Kinders onthou as grootmense die pa of ma of onderwyser wat gesê het: Jy stel my teleur. Jy is 'n verloorder. Jy het geen talent nie. Ons woorde kan diep wonde by ander mense bring en hulle woorde by ons. Natuurlik kan ons woorde of ons tong ook mense opbou. Dis goed om jou te ken. Jy maak my gelukkig. Dis ongelooflik wat jy doen.

Spreek 18:21 wil nie praat van ons woorde wat lewe en dood kan skep nie, maar met ons woorde wat goeie of slegte gevolge kan hê. Vir onself en vir ander. Die vrug of gevolg van jou woorde kan jou in diep moeilikheid laat beland. Daarom twitter ek nie met my mond of my vingertjies nie! Daarom moet ons nie te vinnig praat nie en mooi dink voor ons praat, want ons woorde het gevolge vir onself en ander.

Wat van Mattheus 21:18-22?

In Mattheus 21 is die vyboom sonder vrugte simbool van die Joodse godsdienstige leiers wat geestelik dood is, net soos die vyboom wat net blare het en nie vrugte dra nie, eintlik ook dood en nutteloos is. Deur die beeld van die boom wat skielik verdroog en sterf, maak Jesus dan die opmerking dat vir hom wat in geloof in Hom nie twyfel nie en in geloof bid, enigiets moontlik is. Dat jy selfs met jou woorde 'n berg in die see kan laat val! Let wel, die klem is nie hier op die krag van mense se geloof en die krag van hulle woorde of gebede nie. Hierdie dinge gebeur in Hom. Die boodskap is vir hulle wat in Hom glo en Hom volg en in Sy krag leef en in verhouding met Hom. Die krag en outoriteit is hier by Jesus self en in Hom en nie in mense en hulle krag en outoriteit nie. Die Bybel leer ons in Filippense 2 dat dieselfde gesindheid in ons moet wees wat daar ook in Christus Jesus was. Nêrens sê die Nuwe Testament ons word as ons SY kinders is nou klein godjies of klein Jesusse nie. Dan kon ons mos maar self ons sondeskuld met God uitgeklaar het en hoef Jesus nie vir ons te gesterf het nie. Dan het ons die mag gehad om self uit ons sonde op te staan. Dan was al genade wat ons nodig gehad het, ons eie.

Ons woorde het nie oppermag of absolute mag nie: Bileam (Numeri 22-24)

Ons dink ons woorde kan mense bind of onself bind of ons kan gebind word deur ander se woorde. Ons glo mense kan vloeke oor ons lewe uitspreek en wat hulle oor ons uitgespreek het, het dan een of ander mag en houvas oor ons. Dink in **Numeri 22-24**. Balak, die koning van Moab huur vir Bileam (die ou met die pratende donkie) om vir Israel te gaan vervloek. Wat gebeur toe? Die Here sê vir Bileam: Jy mag die volk nie vloek nie, want hulle is geseënd. Bileam, my seen, my woorde oor die volk kanselleer jou vervloeking van hulle. Die krag is in my seeninge en My woorde en nie in jou woorde en vloeke nie. Jy word net deur ander mense se woorde en vloeke oor jou gebind as jy dit toelaat en vir jouself vat. Jy gee die krag aan ander mense se woorde en hulle vloeke oor jou. Jy kan ook hulle die toestemming natuurlik weier om hulle woorde en vloeke aan te neem. Wat die Here oor jou sê, is al Woord of woorde wat in hulself mag het.

Net God se Woord keer nie leeg na Hom terug nie: (Jesaja 55: 8 en 11) Sit asb teks op bord

Net God se Woord sal nie leeg of onverrigter sake na Hom toe terugkeer nie. Net God se Woord kan skep en nuwe dinge tot stand bring. As die profete van die Ou Testament gepraat het, ja dood en lewe, straf en vryheid aangekondig het, het hulle nie hul eie woorde gepraat nie. Hulle het altyd begin met: So sê die Here. Hulle het altyd Sy Woord gebring en die gesag en outoriteit was daarin dat dit Sy Woord aan die volk was. Vandag is daar ook baie mense wat geestelik en profeties uitsprake maak en ons weet nie altyd mooi wat om daarmee te maak nie. As jy dit nie terugvind in God se Woord nie, moet jy jou nie daaraan steur nie. As mense goed oor jou profeteer vra die Here mooi of dit op jou van toepassing is- mense spreek partykeer goed oor jou uit vanuit hulle eie seerkry of onsekerheid of omdat hulle stukkend en sondig is. Dan is dit nie God se Gees wat jou deur hulle van iets wil oortuig of tot berou en bekering wil bring nie. Onthou dat God se Woord en God se mag soveel meer is as die woorde en die mag van mense oor jou lewe. Jy moet jouself vra of jy gaan hoor wat God in SY Woord van jou sê en of jy gaan leef vanuit mense se opinie oor jou. Wie se woorde gaan die meeste gewig in jou lewe dra? Die belangrikste is nie wat ek oor my eie lewe uitspreek of wat ander mense oor my lewe uitspreek nie. Die belangrikste is wat God oor my lewe uitspreek. Weet dat Hy daarom ook die mag en die krag het om enige vloek of oordeel wat mense oor my lewe uitspreek, in seen te verander of eenvoudig te neutraliseer.

Video clip you tube: Lukas Korff: Dis tyd om lewe oor jouself uit te spreek (goedvoeltv 2 minute iets)

Spreek lewe:

Ek wil hiermee afsluit. Ek hoor hierdie uitdrukking baie. Ons moet mooi dink wat ons daarmee bedoel. As ek dink ek kan uit myself lewe oor ander mense spreek, moet ek besef ek kan nie. God se Gees het my geestelik lewend gemaak en dis net omdat ek in Hom geestelik lewend geword het, dat ek lewe oor ander kan spreek. Deur die Gees leef ons nou in Jesus en leef Jesus deur ons, skryf Paulus. Deur die werk van die Gees kom staan Jesus op een of ander manier hier in my lewe op. Paulus skryf nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat deur my lewe. Dit wat uit my lewe uitgaan en vir ander hoop en lewe bring, is vanuit hierdie lewe wat Hy deur my lewe. Jesus spreek lewe deur my lewe en woorde na ander. Hy spreek dit, Hy gee dit. Ek is net die instrument.

Ek verstaan ons bedoel met lewe spreek ons moet liever positiewe en opbouende goed oor mense uitspreek as negatiewe en afbrekende goed. Dis mos verseker waar. Die vraag is waar lê die outoriteit of gesag om daardie lewe te spreek? Die word of faith beweging sal bevestig die outoriteit is nou in

my as gelowige. Die Bybel leer ons die outoriteit en gesag is altyd by God die Vader, by die Seun, by die Gees.

Wat gebeur as jou en my pa en ma nou nie hierdie positiewe en gesonde en can do vat beheer mense soos Lukas Korrf is wat sy kinders prinse en prinsessies noem en net positiewe goed oor hul uitspreek nie? Is daar dan glad nie lewe oor jou uitgespreek nie? Nee, God spreek deur Sy Woord wat deur die Gees vir ons oopgemaak word en tot by ons kom, lewe in ons lewens in. Al het geen ouer of geen mens dit ooit gedoen nie. Jy is sy prins en prinses want jy word in Romeine 8 belowe jy is Sy kind en erfgenaam saam met Christus!

Ons gereformeerde tradisie se eerste woord oor God is nie eerste dat Hy liefdevol of genadig of regverdig is nie. Die eerste woord wat ons gereformeerde tradisie oor God sê is dat Hy die lewende en sprekende God is wat met ons praat en tot ons kom deur SY Woord. (Coenie Burger, Ons weet aan Wie ons behoort). Dis tog in die Woord dat ons leer dat God liefdevol en genadig en regverdig is. En die tweede wat daarmee saamgaan is dat ons die werking van God se Woord nodig het om ons verstand te verlig en ons harte oop te maak vir God se Woord.

Ons moet besef ons plaas partykeer te veel gesag in die woorde van mense of wat ons oor onself uitspreek asof dit die mag tot lewe en dood het en ons en ander kan bind. Osteen se woorde: We prophecy our own future, so asof die toekoms maar in ons hande alleen is. Saam daarmee gaan die subtiele maar dodelik verskuwing dat die gesag en outoriteit nou by ons is en dat ons as little gods mag het om dood en lewe, oordeel en vryspraak te spreek en te gee. Dit is die dodelik gif van die word of faith beweging: Dit skuif die gesag en lewe van God na my en my geloof en my woorde. In the word of faith movement the object of faith is not God and his power anymore, but the object of faith has become me and my faith. Dit waarop my geloof nou gerig is, is nie meer God en Sy krag nie, maar op my geloof en die krag daarvan. The power now resides with me.

Mag die Here ons terug bring na Hom toe en na Sy Woord. Want dit is al Woord skryf Jesaja wat altyd die doelwitte bereik waarvoor dit gestuur word. Wat werklik lewe kan spreek en nuwe dinge kan skep.

Amen.